Om probleme op te los wat bewerkings met tydeenhede behels*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 WISKUNDE

2 Meting en Tyd

3 Tyd

4 OPVOEDERS AFDELING

5 Memorandum

6

1. 4 h 40 min + 24 h + 16 h 30 = 49 h 10 min
   2. 45 min × 7 = 315 min = 5 h 15 min
   3. 08:05
   4. 81 + 365 + 366 + 365 + 365 + 365 + 360 + 52 + 2 325 dae
   5. 35 km in 20 min
   × = 3 × 35 = 105 km/h
   6. 2 × 110 km = 275 km
   7.1 50 min
   7.2 190 min = 3 h 10 min
   7.3 Ja
   7.4 10:00 en 13:15
   7.5 18h00

6.1 LEERDERS AFDELING

6.2 Inhoud

6.3 AKTIWITEIT: Om probleme op te los wat bewerkings met tydeenhede behels [LU 4.2]

Werk saam met ‘n maat. Lees elke probleem goed deur en los dit dan so netjies en akkuraat moontlik op:

1. Johan vertrek op Vrydag om 15:20 op ’n uitstappie. Hy arriveer daardie Sondag om 16:30 terug by die huis. Hoe lank was hy weg?

*Version 1.1: Apr 13, 2009 6:38 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

_____
_____
_____
_____

2. Heleen oefen **elke dag** vir 45 min. viool. Hoeveel ure en minute oefen sy in een week?

_____
_____
_____
_____

3. 'n Vliegtuig vertrek om 19:40 na Londen en land 12 h 25 min. later op Heathrow. Hoe laat land die vlug?

_____
_____
_____
_____

4. Indien Marius op 11 Oktober 1962 gebore is en Jan op 21 Februarie 1969, hoeveel ouer is Marius as Jan?

_____
_____
_____
_____

5. Indien dit my 20 min. neem om teen 'n konstante snelheid 35 km met my motor te dek, wat was my snelheid? (km / h)

_____
_____
_____
_____

6. Indien mnr. Voges teen 'n konstante snelheid van 110 km / h reis, hoe ver sal hy ry in $2\frac{1}{2}$ h?

_____
_____
_____
_____

7. Bestudeer die TV-programrooster vir SABC3:

06:00	CNN International
08:00	AM Shopping
10:00	Liberty Learning Channel
11:30	All My Children
12:30	CNN International
13:00	Nuus
13:15	Liberty Learning Channel
13:30	Live 'Phone In
16:00	All My Children
17:00	Larry King
17:30	Coca-Cola Popstars
18:30	Isidingo
19:00	Relic Hunter
20:00	Nuus
20:30	Frasier
21:00	Will And Grace
21:30	The Practice
22:30	Nuus-hooftrekke
22:35	Business Beat
22:50	Special Assignment
23:20	CNN International
24:00	Uitsending eindig

Figure 1

7.1 Hoeveel tyd word in totaal aan nuus afgestaan?_____
7.2 Hoeveel tyd word aan internasionale sake afgestaan?_____
7.3 Is daar enige opvoedkundige programme? _____
7.4 Hoe laat?_____
7.4 Hoe lank saai SABC3 per dag uit._____

6.3.1 ASSESSERING DEUR OPVOEDER

Figure 2

Trek 'n sirkel om kode van toepassing:

AANTAL KORREK	KODE
12 - 34 - 56 - 7	1234

Table 1

7 Assessering

Leeruitkomste 4:Die leerder is in staat om gepaste meeteenhede, instrumente en formules in 'n verskeidenheid kontekste te gebruik.

Assesseringstandaard 4.2: Dit is duidelik wanneer die leerder probleme oplos wat berekeninge met en herleiding tussen geskikte tydeenhede behels, insluitend tydsones en –verskille.